# UNIVERSELE GEBED – VOORBEDE VIR 'N WEEKSDAG

*Hierdie voorbeelde van voorbede kan op 'n weeksdag gebruik word as Voorbede by die Heilige Mis of as Smeekbede by Vespers.*

Ons rig ons smeekbede tot die Heilige Gees, Skepper en Heer van die Kerk, wat haar deur die tyd lei en met teerheid altyd vorentoe stuur:

**R. Kom, U wat alle dinge nuut maak!**

Kom, Heilige Gees, siel van die Kerk: verenig ons en laat die stryd, hoop en verlange van almal wat by die Sinodale Byeenkoms betrokke is vrugbaar wees, laat ons tot die Here bid: **R.**

Kom, sagte Asem van God, wat in Jesus die sterwende vlam laat herleef en die geknakte riet weer lewend maak, laat ons tot die Here bid: **R.**

Kom, Skeppergees, wat verdorde beendere herstel, die verdwaaldes terughaal en verskillende volkere in gesprek met mekaar bring, laat ons tot die Here bid: **R.**

Kom, brandende Vuur van God, wat elke ydele gedagte reinig; verbrand en omvorm elke hartseer tot die vreugde van nuwe geboorte, laat ons tot die Here bid: **R.**

Kom, Skoonheid van die geringes en armes, en bou die pragtige Bruid van die Lam op deur die trane van hulle wat die vrede liefhet en na geregtigheid honger, laat ons tot die Here bid. **R.**

Kom, God se Vergifnis en bekeer ons tot u weë wat ons tot 'n nuwe gemeenskap saamsnoer, laat ons tot die Here bid. **R.**

Kom, ontoeganklike Wysheid, en vul ons met u sinodale gawes, laat ons tot die Here bid. **R.**

Kom, onfeilbare Hoop van die Kerk, en laat ons drome en verlange ooreenstem met dié van God se hart, al lyk dit miskien onmoontlik vir die menslike oog, laat ons tot die Here bid. **R.**

# SES EN TWINTIGSTE SONDAG IN GEWONE TYD

## SLOTSEËN AAN DIE EINDE VAN DIE HEILIGE MIS

Die volgende seënbede mag *ad libitum* deur die priester gebruik word.

Die priester bid self die uitnodiging:

Broers en susters, Jesus het beloof om onder sy disspels teenwoordig te wees waar hulle in sy naam vergader. Oor die volgende dae sal pous Franciskus in Rome die eerste sessie van die Sestiende Gewone Byeenkoms van die Sinode van Biskoppe open. Hieroor roep ons die Here se seën af, en verhef ons ook ons gedagtes tot God sodat Hy, deur die werking van die Heilige Gees, ons gemeenskap met mekaar sal versterk, ons almal na die waarheid sal lei en die deelnemers aan die Sinodale Byeenkoms onophoudelik met sy waarheid sal verlig.

Nou vind die wegsending plaas. Die Priester wend hom tot die gemeente, strek sy hande oor hulle uit en sê:

Mag die Here met u wees.

Die gemeente antwoord:

En met u gees.

Die Diaken of, in sy afwesigheid, die Priester self, rig die uitnodiging:
Buig u hoofde om God se seën te ontvang.
Dan bid die priester met sy hande uitgestrek oor die gemeente die seënbede, terwyl almal antwoord: Amen.

Mag ons God en Vader,
wat op soveel en verskillende maniere
deur die profete tot ons vaders gespreek het;
u en die hele Kerk tot getrouheid aan sy woord
en tot die onderskeiding van sy wil lei.
R. Amen.

Mag die Eniggebore Seun, wat in die volheid van die tyd gestuur is
aan almal die rykdom van die Vader se barmhartigheid bekend maak,
en u in gemeenskap met Homself en u broers en susters hou.
R. Amen.

Mag die Heilige Gees u almal lei,
en veral die Sinodale Byeenkoms,
om die tekens van die tye raak te sien,
sodat u, deur in alle dinge trou te bly aan God se wil,
oorvloedige vrugte van eenheid sal lewer
deur die lewe van die Kerk te bevorder
en getuies van die Evangelie te wees.
R. Amen.

En mag die Almagtige God se seën,
die Vader, en die Seun, **+** en die Heilige Gees,
op u neerdaal en vir altyd by u bly.
R. Amen.